**SKRIFLESING**: Filippense 3:1-21
**Tema:** Ek help om my wense waar te maak.

In die tyd waarin Paulus hierdie brief skryf, hier rondom 60 na Christus, is hy een van die nuusmakers van die jaar. Wat menslik belangrike dinge aan betref, kon hy al die blokkies afmerk.

Hy het uitgestyg bo sy tydgenote.
**Hy was van die regte afkoms.**
Hy was 'n gebore Israeliet, deel van God se Ou Testamentiese verbondsvolk. Hy is op die agtste dag besny. So dra hy die teken dat Hy aan God behoort.

Nie alleen is hy 'n Israeliet nie, hy is deel van die room van die verbondsvolk, uit die stam van Benjamin. Die stam waaruit Israel se eerste koning, Saul, gekom het.

**Hy het die regte opvoeding.**
Vir sy tyd het hy die hoogste moontlike geleerdheid gehad. Hy het 'n groot klomp godsdienstige prestasies behaal en het waarskynlik die trofeë en sertifikate gehad om dit te bewys. Die Joodse raad, sy kerkraad, was met hom baie tevrede.

**Hy het die regte goed gedoen.**
Hy was 'n voorbeeldige Fariseer wat volgens die Joodse wet nie 'n voet verkeerd gesit het nie. Hy was so ernstig oor die Joodse godsdiens dat hy al wat 'n Christen was ywerig vervolg het oor, wat hy gemeen het, dwaalleer was.

Vir die mense van sy tyd was hy 'n kerkmens wat die regte dinge reg gedoen het. Hy was 'n gerespekteerde volksfiguur en leier.

Dit wat Paulus se lewe aan betref. Hoe lyk jou lewe?

Hoe lyk jou afkoms? Waarskynlik kom die meeste van ons uit goeie Christelike families. En ons is gedoopte belydende lidmate.

Wat opvoeding aan betref, het ons kategese en skool bygewoon. Na skool het baie van ons verder gaan leer en grade en diplomas verwerf.

En ons doen ook die regte goed. Ons woon eredienste by, gee dankoffer en hou stiltetyd. Waar ons is, maak ons 'n verskil vir die Here. Van ons is op die kerkraad of 'n jeugmentor of by 'n selgroep betrokke.
Ons kan self 'n paar blokkies oor wie ons is, wat ons bereik het en wat ons doen afmerk en daar is niks verkeerd daarmee nie.

Maar toe God vir Paulus voorkeer op pad na Damaskus, verander sy prioriteite. Hy beskou al hierdie goed as waardeloos as dit nie voortvloei uit ‘n intieme lewende verhouding met Here nie. Alles is waardeloos wanneer die Here nie die belangrikste van alles en almal is nie. Paulus word nie gered ter wille van wie of wat hy is nie, maar ten spyte van wie hy is. Hy word nie gered op grond van sy goeie hoedanighede of prestasies nie, maar deur die genade van die Here.

Om iemand te wees is nie om iets te hê nie, maar om Iemand te hê. Dit is om Jesus Christus as Verlosser te hê en in geloof sy verlossing ons eie te maak - Jesus Christus op die troon van my lewe. Hy, sy eer, sy plan die belangrikste in my lewe.

Dit is Paulus se nuwejaars- of dalk eerder sy lewenswens - om so geestelik volwasse te wees. Mag dit ook ons as kerk se wens wees.
Ons lees daarvan in Fil 3:10:
**Al wat ek wens is om Christus te ken.**
En om Christus te ken is meer as om Hom net met ons verstand te ken. Dit is ook ‘n hart ding – om in ‘n intieme verhouding met Hom te staan.
Ek maak Hom my alles terwyl ek altyd weet dat Christus my eers syne gemaak. Ons lees daarvan in Filippense 3:12: “Ek sê nie dat ek dit alles al het of die doel al bereik het nie, maar ek span my in om dit alles myne te maak omdat Christus Jesus my reeds Syne gemaak het.”

Ek is vrygespreek, nie omdat ek ‘n klomp goed is of doen nie. Hy het reeds alles gedoen om my te verlos. Ek het net dit wat Hy gedoen het, in geloof my eie gemaak.

**Ek wil ook in die krag van sy opstanding deel.**
In Efes 1:19-20 bid Paulus dat ons as gelowiges sal weet hoe geweldig groot die God se krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het. Dit is die krag wat tot elkeen van ons se beskikking is.

**Ek wil deel aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood.**
Ek sterf my sondige ou mens af en is bereid om vir die Here te sterf.

**Ek leef in die verwagting dat ek deel sal hê aan opstanding uit die dood.**
Oorgegee aan Jesus Christus deel elkeen van ons as sy kinders vandag al in sy geskenk van die nuwe ewige lewe.

Paulus se wens, en mag dit elkeen van ons se eerste wens wees, is hierdie geestelike volwassenheid. Hy het dit nog nie, maar dit is waarna hy strewe.

Dit is ‘n wens word nooit volledig waar sal word in 2023 of terwyl ons nog op aarde is nie. Toit het verlede sondag gepraat van beweging in geloof – om geleidelik te verander soos die tyd aangaan.

Hoe gaan hierdie wens, hierdie allerbelangrikste nuwejaarsvoorneme, meer waar word in jaar wat voorlê?

Ons lees in Spr 21:25-26: “‘n Lui mens soek sy dood, want hy wil nie sy hande uit sy moue steek nie; hy sit die hele dag net en wens.” Ons kan nie net sit en wens nie. Ons moet help om hierdie wens in ons eie lewens waar te maak.

Ons het ‘n professor gehad wat gesê het dat ons moet glo asof alles van God afhang en werk asof alles van onsself afhang, maar altyd in die volgorde.

In die waarmaak van sy wens gebruik Paulus die voorbeeld van ‘n wedloop. In Fil 3:12 en 14 skryf hy dat hy hom inspan. Ons het vers 12 nou gelees. In vers 14 skryf hy: “Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus.”

In die krag van die Here en gevul met die Heilige Gees span hy hom in om sy ou sondige lewe, sy prestasies en afkoms agter te los en die nuwe lewe in Jesus Christus te leef.

Soos Hy moet ons ook oefen om al meer geestelik volwasse te word. Ons moet daagliks stiltetyd hou. Ons moet saam met medegelowiges in die erediens en kleingroepe die Here aanbid.
En ons moet leef soos kinders van die Here.
Ons moet ook ‘n voorbeeld stel. Geestelike volwassenheid word in ons alledaagse handel en wandel sigbaar.

Daar is niks fout om, in lyn met God se wil, nuwejaarswense te hê soos om bv gesonder te leef nie.
Maar wat is jou belangrikste - jou geestelike wens vir 2023?
Here het reeds alles vir jou gedoen. Wat gaan jy doen om dit waar te maak?

Ek het iewers die verhaal gehoor van 3 paddas wat op ’n stomp sit. Die een besluit om af te spring. Hoeveel paddas sit nou op die tak? Daar sit steeds 3. Een het nog net besluit om af te spring. Hy het dit nog nie gedoen nie. Die mooiste voorneme beteken niks as dit nie tot aksie oorgaan nie.
Amen